

HOOFSTUK 11.

C.N.O. NA 1902 IN DIE EERTYDSE REPUBLIEKE EN IN DIE KAAP-KOLONIE EN 'n IDEEAAL OP STEYNSBURG VERWESENLIK.

1. C.N.O. in Transvaal, die Oranjerivierkolonie en die Kaapkolonie na 1902.

(a) Die C.N.O.-beweging in Transvaal, 1900 - 1906.¹⁾

Gedurende die Engelse Oorlog is die onderwysstelsel in die Transvaal ontwrig en in 1901 is 'n Kommissie van onderwysers, gevorm om 'noodlydende onderwysers, veral Hollanders, die nodige ondersteuning te bied. Hierdie kommissie wat homself die „Vriendekring” genoem het, het na die oorlog oorgegaan tot 'n breër kommissie, nl. „die Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelik-Nasionale Onderwys,”²⁾ na die gees en onderwyswette van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek. Dit was die begin van die beweging vir die verkryging van Vrye Christelik-Nasionale skole in Transvaal.

Die „Algemene Kommissie” vir C.N.O. het 'n reglement en leerplan vir C.N.O.-skole opgestel. Dit is in 1903 gepubliseer en het in hooftrekke op die volgende neergekom.³⁾

(i) Daar is uitgegaan van die beginsel dat die ouers verantwoordelik is om te sorg vir die onderwys en opvoeding van hul kinders, en die ouers wat dit nie kan bekostig nie, moet bygestaan word in die vervulling van hul pligte.

(ii) Die verpligte leervakke moet wees: Bybelse Geskiedenis, Aanskouingsonderwys, Hollands lees, Nederlandse taal, skryf, rekene, sang, resitasie, Geskiedenis en Aardrykskunde van Suid-Afrika. Verder beveel die kommissie ook aan die aanleer van die Engelse taal.

(iii) Vir Bybelse Geskiedenis, Geskiedenis van Suid-

/Afrika...44

1) Vir die informasie in hierdie paragraaf het ek gebruik gemaak van J.Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, pp. 95 - 97.

2) Ibid, p.95.

3) Ibid, p.96.

Afrika en sang.

(iv) Die bestuur van die skool moet deur die ouers van skoolgaande kinders gekies word.

Daar is dus in Transvaal, vanaf 1903, 'n eie selfstandige onderwysstelsel langs die openbare. Die organisasie het sy eie kantoor, sekretaris en inspekteur gehad en die aantal skole het spoedig tot 250 gestyg. Die uitbreiding van C.N.O.-skole in Transvaal het so snel toegeneem dat die Engelse owerheid gevrees het dat dit die openbare onderwys heeltemal sou verdring en 'n poging van Lord Selborne, om met die „Boereparty” tot 'n oplossing van die onderwysvraagstuk te geraak, het misluk.

Teen die einde van 1905 het die leiers van „Het Volk” besluit „om met die volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan.”¹⁾ Daar is 'n hoofkommissie benoem om 'n skema vir C.N.O. op te stel en om die gelde te beheer. Op die kongres van 1906 is die saak finaal beklink, want toe is „'n organisasie in die lewe geroep, statute is opgestel, beginsels geformuleer en wense geuit.”²⁾ Dog die C.N.O.-aksie in Transvaal se bestaan was van korte duur. Toe aan die Transvaal-Kolonie in 1906 selfbestuur toegestaan is, het die Boereparty, Het Volk, aan bewind gekom. Die Minister van Onderwys, J.C. Smuts, het die land deurreis en die mense probeer oortuig dat die nuwe regeringskole aan hulle sou bied wat hulle in die C.N.O.-skole probeer verwesenlik het.³⁾

Entoesiasme vir C.N.O. het begin verflou, en as gevolg van die gebrek aan fondse het die C.N.O.-skole een na die ander oorgegee, totdat daar eindelik nog net een oor was, nl. die „Voorbereidende Skool” wat op Potchefstroom as afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk bestaan het en wat tot 1915 deur die inisiatief van die Gereformeerdes in stand gehou is.⁴⁾

/(b) Die...45

1) J. Chr. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, p. 97.
2) Ibid.
3) Ibid, p. 98.
4) Ibid, p. 120.

(b) Die Oranjerivierkolonie en C.N.O. 1)

Soos reeds aangetoon, is die Kaapse onderwysstelsel, na die verowering van die republieke ook daarheen oorgeplaas. Oorkant die Vaalrivier het die volksgenote spoedig tot reaksie teen die nuwe onderwysbeleid oorgegaan. Reeds tydens die oorlog is in 1901 die „Vriendekring” gestig, 'n organisasie wat na die oorlog oorgegaan het tot die breër organisasie met die doel om hom te beywer vir C.N.O. Hierdie daadwerklike optrede van die Afrikaners in die Transvaal, en hul sukses, het hul volksgenote in die Oranjerivierkolonie geïnspireer om nie by die nuwe onderwysbeleid te berus nie, en om die onderwys van hul kinders nie sonder meer aan die vreemde gesag oor te laat nie.

Die eerste reaksie daarteen was 'n petisie waarmee die Nederduits Gereformeerde Kerk die owerheid genader het en waarin o.a. aangedring is op vyf uur per week onder-rig in Hollands, en dat godsdiensoonderrig nie dogmaties nie, maar slegs histories moet wees. Toe hierop geen bevredigende antwoord van die Luitenant-Goewerneur, sir H. Goold-Adams, ontvang is nie, het die kerk in Desember 1903 besluit om oor te gaan tot die oprigting van kerkskole, by die oprigting waarvan kerkrade aangemoedig is om die inisiatief te neem. In hierdie skole sou die stelsel van die ou republiek min of meer gevolg word. Gedurende 1904 is 'n aantal sulke skole in die kolonie gestig, dog hulle was te min en gevolglik so ver uitmekaar dat baie kinders dit nie kon bywoon nie, met die gevolg dat ouers wat dit kon bekostig, voorsiening vir privaatonderwys vir hul kinders gemaak het.

Ongelukkig het die kerkskole mank gegaan aan die gebrek aan 'n gekoördineerde onderwysstelsel. Daar was geen onderwyshef wat die algemene beleid kon bepaal en toesig oor die onderwys kon hou nie, en behalwe die gereelde

/besoeke....46

1) Hierin word gebruik gemaak van die M.Ed. verhandeling van N. Arnold, Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die Tydperk 1907 - 1920, pp. 31 - 37.

besoeke van die predikante, is die skole nooit geïnspekteer nie. Die leerlinge is deur die hoof en die personeel bevorder. Wat die voertaal betref, was daar nie uniformiteit in die skole nie; sommige het oorwegend Hollands as voertaal gebruik, ander albei met Engels oorwegend na st.Vl. Daar was geen inrigting wat spesiaal onderwysers vir hierdie kerkskole opgelei het nie, aangesien beide Grey College en die damesinstituut Eunice aan die regering oorgemaak is. Daarby was dit 'n voortdurende geworstel op allerlei wyse om fondse te bekom om hierdie skole in stand te hou. Dit, en die feit dat die kerkskole afbreuk aan die regeringskole gedoen het, het die weg vir onderhandelinge tussen die kerk en die regering gebaan.

'n Volkskongres wat op 1 en 2 Desember 1904 te Brandfort onder voorsitterskap van Genl. J.B.M. Hertzog gehou is, het sekere aanbevelings aan die regering gemaak. Die volgende is o.a. aanbeveel:

- a. Verkiesing van skoolkommissies en hul pligte moes so verander word dat dit ooreenstem met die ou republikeinse wet.
- b. Skoolkommissies moes die reg hê om die medium van onderwys te kies vir die eerste twee skooljare van die kind.
- c. Daarna moes Engels en Hollands op gelyke voet as voertale gebruik word.
- d. Inspekteurs moes bevoeg wees om beide tale te kontroleer.

Op 'n konferensie gehou in Maart 1905 het die regering en die Nederduits Gereformeerde Kerk tot 'n ooreenkoms geraak en 'n basis is opgestel op grond waarvan, teen die helfte van 1905, reeds 47 skole met 67 onderwysers deur die regering oorgeneem is. Wat veral vreemd in die ooreenkoms is, is die bepaling wat vaslê dat die voertaal in die skole Engels sou wees en dat ewe veel tyd aan Engels en Hollands as vakke afgestaan sou word. Die saak

is verder op 'n konferensie tussen die regering en die kerkgenootskappe in Junie 1905 te Bloemfontein beklank, en al die besluite is vervat in Ordonnansie No. 29 van 15 Julie 1905. Die hele ooreenkoms was 'n oorwinning vir die regering, wat ook bewys is deur die feit dat die Engelse pers dit toegejuig het. Vir die voorstanders van C.N.O. was dit egter 'n groot teleurstelling, soos die Afrikaanse pers onomwonde verkondig het. Dis veral die Gereformeerde Kerk wat nou sy stem by monde van ds. W. Postma laat hoor het. Klinkklaar stel hy die standpunt van sy kerk in 'n skrywe aan die Direkteur van Onderwys wat kortliks op die volgende neerkom:

Verantwoordelikheid vir die onderwys berus by die ouers.

Die ouer se reg om onderwysers aan te stel, voertaal te bepaal en die leer- en leesstof te kies, moet ten volle erken word.

Hy vra regeringsubsidie vir vrye skole.

Dit het 'n pennestryd uitgelok wat dit baie gou laat blyk het dat dit nie net die Gereformeerde Kerk was wat teen die oorgawe van die skole was nie. Die Oostelike ring van die Ned. Geref. Kerk te Bethlehem het hom daarteen uitgespreek en 'n paar C.N.O.-skole het geweier om met die regeringskole te amalgameer.

Die C.N.O.-skole is opnuut georganiseer en op 'n kongres te Bloemfontein, in Januarie 1906, is die statute vir 'n vereniging vir C.N.O. behandel. Die doel van die skole is nou baie duidelik omskryf en hulle is doeltreffend beheer deur 'n sentrale bestuur wat dr. B.J. Haarhoff versoek het om die skole te inspekteer.

Dit het net gelyk of C.N.O. in die Oranjerivierkolonie op vaste voet geplaas is, toe daar 'n onverwagte wending gekom het. In Junie 1907 ontvang die kolonie selfbestuur en in die daaropvolgende verkiesing behaal die volksparty, die "Oranje-Unie," 'n groot meerderheid.

Genl. J.B.M. Hertzog word Minister van Onderwys en in November 1908 is sy onderwyswet goedgekeur. Hierdie wet het die Afrikaners bevredig, met die gevolg dat die C.N.O.-skole sonder enige teenstand deur die regering oorgeneem is.

(c) Die Kaapkolonie en C.N.O. na 1902.¹⁾

Na die oorlog het Thomas Muir, die Superintendent van Onderwys in die Kaapkolonie, die onderwysstelsel opgeknap. Dit het van die staanspoor af geblyk dat hy onsimpatiek teenoor die Hollandse taal was en die Afrikaner se kind deur die onderwys wou verengels. Vrye skole wat tot met die uitbreek van die oorlog die stryd kon volhou, het na die oorlog bly bestaan en op verskeie plekke is nuwes gestig. So het daar op verskillende plekke sulke vrye skole met 'n Christelik-nasionale karakter bestaan, wat meesal deur kerkrade opgerig, beheer en in stand gehou is. Finansiële oorweginge het al hierdie skole mettertyd genoodsaak om staatshulp te aanvaar, wat beteken het dat hulle as privaat C.N.O. -skole opgehou het om te bestaan.

In die volgende bladsye sal die geskiedenis van een van hierdie skole, wat die langste as sodanig bestaan het, omdat sy ondersteuners die stryd die langste kon voer, behandel word. Dit is naamlik die C.N.O.-skool wat in 1905 op Steynsburg gestig is, met sy latere toevoeging, die Gereformeerde Gimnasium en die nog latere uitbouing, die Steynsburgse Normaalskool.

2. Die C.N.O.- aksie op Steynsburg.

(a) Die verplasing van die Teologiese Skool.

Dis nodig dat ons kortliks die geskiedenis van die verplasing van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk vanaf Burgersdorp sal nagaan, omdat dit ten nouste saamhang met die stigting van die Vrye School op Steynsburg. Reeds teen die einde van die vorige eeu was daar al sprake van die verplasing van die Teologiese Skool en wel na die

/Transvaal...49

1) N. Arnold, Die C.N.O.-beweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907 - 1920, pp. 38 - 40.

Transvaal. Op die sinode van 1897 is 'n kommissie benoem wat op die saak moes ingaan en op die volgende sinode rapport uitbring.¹⁾

Op die volgende Sinodale Kerkvergadering te Middelburg, K.P., kom die hele aangeleentheid ter tafel na aanleiding van die rapporte van beide die bogenoemde kommissie en van die Kuratore van die Teologiese Skool.²⁾ In hierdie verband word op hierdie sinode ook behandel 'n beskrywingspunt van die kerkraad van Steynsburg wat as volg lui: „De Synode besluite om de Theol. School der Ger. Kerk in Zuid Afrika naar Steynsburg te verplaatsen.”³⁾

In hulle verslag rapporteer die Kuratore dat hulle op 16 Desember 1903 saam met die kommissie van die vorige sinode vergader het. Na aanleiding van 'n aanbod van Steynsburg wat die Kuratore voor hulle gehad het, doen hulle die volgende aanbeveling: „De Curatoren vergaderd met de Commissie van wege de Synode benoemd over de verplaatsing der Theol. School ernstig over alles geraadpleegd hebbende, zijn tot het besluit gekomen de Synode te adviseeren tot verplaatsing der Theol. School naar Steynsburg over te gaan op de volgende gronden:

- a. De onmogelijkheid om geschikt terrein in Burgersdorp te vinden.
- b. Het gunstig aanbod van Steynsburg.
- c. De noodzakelijkheid van het logieshuis in Steynsburg's voorstel vervat.”⁴⁾

Die kommissie wat die moontlikheid van die verplasing van die Teologiese Skool moes ondersoek, rapporteer aan die sinode van 1904 dat weens die verarmde omstandighede in die Transvaal na die oorlog, die plan om die skool daarheen te verplaas, laat vaar is, en dat daar in dier voege ook geen

/aanbod.....50

-
- 1) Handeling van die Dertiende Algemene Synodale Vergadering 1897, art. 130.
 - 2) Handeling van die Veertiende Alg. Synodale Vergadering, gehou te Middelburg, K.P., April 1904, Bylae D & E, pp. 86.
 - 3) Ibid, art. 66.
 - 4) Ibid, Bylaag D, p. 88.

aanbod uit Transvaal ontvang is nie. Die kommissie het dit dus nie nodig geag om verder aandag te gee aan die moontlikheid om die skool daarheen verplaas te kry nie. Maar dan vervolg die kommissie in sy verslag: „Middelerwyl werd ter harer kennis gebrach, dat er een plan te Steynsburg was ontworpen, met gunstige aanbiedingen voor de Kerk, om de Theol. School daarheen te doen verplaatsen." 1) Die kommissie meld ook dat hulle saam met die Kuratore van die Teologiese Skool vergader het en aangesien daar nie 'n nuwe aansoek of aanbod van die Transvaal was nie, het hulle besluit „by de Synode aan te bevelen verplaatsing der Theol. School van Burgersdorp naar Steynsburg." 2) Beide die Kuratore van die Teologiese Skool en die sinodale kommissie beveel dus aan dat die skool na Steynsburg verplaas moes word.

Met hierdie verwagting gaan ds. Snyman, destyds predikant van Steynsburg, na die sinode, dog as gevolg van 'n nuwe aanbieding van die kerkraad van Potchefstroom, kom daar heeltemal 'n nuwe wending. Behalwe 'n som van £3,010, bevat hierdie aanbod ook drie aanbiedinge van grond, nl.

- a. „Van de Geref. Gemeente om op het kerkplein te bouwen.
- .. b. „Van den Stadsraad van Potchefstroom.
- c. „Van het Landbouw-Syndicaat." 3)

Eers besluit die sinode met 'n groot meerderheid van stemme dat die skool wel verplaas sou word. 4) Daarna word met 'n besliste meerderheid, op voorstel van di. D. Postma en J.D. du Toit, besluit om die Teologiese skool na Potchefstroom te verplaas. 5) Ds. Snyman, wat hom so vurig vir die saak beywer het, was diep teleurgestel oor die besluit van die sinode en oor die verrassende wending wat sake geneem het. Dog sy doelbewustheid, vasberadenheid, deurset-

/tingsvermoë. 51

1) Handeling van die Veertiende Alg. Synodale Vergadering, te Middelburg, K.P., April 1904, Bylaag E, p. 91.
2) Ibid.
3) Ibid, Bylaag G.
4) Ibid, art. 77.
5) Ibid, art. 78.

tingsvermoë en geloof in 'n beginselsaak waarop hy sy hart gesit het, sou hom nie toelaat om sy groot ideaal van 'n Christelik-Nasionale onderwysaksie op Steynsburg sonder meer te laat vaar nie.¹⁾

(b) Steynsburg gaan oor tot aksie.

(i) Die kerkraadsvergadering van 21 Mei 1904:

Hierdie eerste kerkraadsvergadering, van die Gereformeerde Kerk Steynsburg, na die sinodesitting van April, is voorwaar geskiedkundig. Die voorsitter, ds. P.C. Snyman, deel die vergadering mee dat die toeseegging van £1,000 deur die weduwee J.C. van Rooy²⁾ vir 'n losieshuis vir Gereformeerde onderwys, nog van krag is, al sou die Teologiese Skool nie na Steynsburg verplaas word nie, maar dat dit gebruik kon word vir enige Christelike skool wat ewentueel op Steynsburg opgerig mag word.³⁾ Hierdie £1,000 was deel van die aanbiedinge van die kerkraad van Steynsburg waarvan melding gemaak is in die verslag van die kommissie aan die sinode van 1904.⁴⁾

Die kerkraad aanvaar die toeseegging van die wed. Van Rooy met blydschap en besluit „...een commissie aan te stellen om plannen uit te werken in verband met de oprichting van een Christelijk Nationale School.”⁵⁾ Die lede van die kommissie was ds. P.C. Snyman, ouderling G.H.J. Kruger en diaken P.P. Kruger.⁶⁾ Die kerkraad wil ook die gemeente in die saak ken, daarom word op dieselfde vergadering besluit om met die eersvolgende nagmaalsviering (die eerste Sondag in Julie 1904) 'n gemeentevergadering te hou „over de oprichting eener C.N.School.”⁷⁾

/Op.....52

-
- 1) J.C. van Rooy, Christelik Nasionaal Onderwys op Steynsburg, in die Gedenkboek van die Ger. Gem. Steynsburg, p.12
 - 2) Mev. van Rooy was die weduwee van meester Van Rooy, onderwyser van die eerste C.N.O.-skooltjie op Steynsburg, 1875 - 1885.
 - 3) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 21/5/04, art.5.
 - 4) Handeling van die Sinodale Vergadering, April 1904, p. 90
 - 5) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 21/5/04, art.5.
 - 6) Ibid, art. 6.
 - 7) Ibid, art. 8.

Op die volgende kerkraadsvergadering het die kerkraad dan ook ter tafel 'n rapport van bogenoemde kommissie insake die oprigting van 'n „Christelik Nationale School.“¹⁾ Hierdie verslag getuig van deeglike studie en die leser word veral getref deur die rype beraad waarmee die inkomste en uitgawes van die skool, wat deurgaans die grootste probleem gelewer het, tot in die fynste besonderhede beplan is.

Die eienaardige verdeling van die £1,000-skenking vir 'n losieshuis, nl. £950 vir die losieshuis en £50 vir die skoolgebou, vereis verduideliking. Die erf waarop die losieshuis opgerig sou word, behoort aan die kerkraad en is gewaardeer op £50. Na voltooiing sou die waarde van die gebou saam met die perseel £1,000 wees. Ingeval die kerkraad later nie aan die voorwaardes van die geefster kon voldoen nie, kon die erf met die gebou aan die erfgename terug gegee word sonder dat die kerkraad enige verlies sou ly.

Die verslag is met dank deur die kerkraad aangenem en puntsgewys bespreek en goedgekeur. Punte (iv) 3 en (vii) b sou die volgende aand vir goedkeuring voor die gemeente gelê word.²⁾ Die gemeente gee by hierdie geleentheid magtiging dat die watergeld,³⁾ wat £240 was, vir die bou van die skool gebruik kon word, en die ramings volgens artt. III en IV word goedgekeur, wat daarop neerkom dat die gemeente aan die kerkraad magtiging verleen om 'n skoolgebou ter waarde van ongeveer £600 op die kerkplein op te rig. Hiervoor sou die kerkraad gebruik die £240 watergeld, die £50 wat van die £1,000-skenking vir 'n losieshuis oorgedra moes word en die balans van omtrent £320 moes deur die kerk-

/raad.....53

-
- 1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 1/7/04, art. 3. Kyk Bylaag A vir die rapport.
 - 2) Ibid, art. 4.
 - 3) Die watergeld waarvan hier melding gemaak word was waarskynlik geld wat nog oor was van die heffing op water vir besproeiing toe die dorp nog aan die Gereformeerde Kerk behoort het.

raad gevind word.

(ii) Die oprigting van die gebou:

Kragtens die opdrag van die gemeente spring die kerkraad dadelik aan die werk. By die lees van die notule kom 'n mens diep onder die indruk dat dit nie net by woorde en besluite gebly het nie, maar dat daar by die mense erns en besieling vir 'n grootse ideaal was. In oorleg met die kerkraad stel die voorsitter „tot commissie voor bouplannen der school aan de bb. J.C. Henning, C.A. van Rooy en H. Venter." 1) Hierdie kommissie moes op die volgende kerkraadsvergadering 'n plan vir die skool, met kosteberekening, voorlê. Die kerkraadsvergadering van 1 Julie 1904 kan voorwaar as 'n geloofsdaad beskou word. Die wiel is aan die rol gesit en van nou af sou vinnig gewerk word.

Op die volgende kerkraadsvergadering word gerapporteer dat £153 15s. vir die skoolgebou gekollekteer is en die kommissie, belas met die optrek van die bouplan vir die skoolgebou, lê 'n plan voor wat volgens beraming sowat £660 sou kos. 2) Die gemeente dra aan die kerkraad op om 'n verdere kommissie te benoem „die het school gebou dadelijk zal laten optrekken." 3) Verder gee die gemeente toestemming aan die kerkraad om die tekort op die kollektelyste vir die bou van die skool te leen, „terwyl er voort voor dat tekort gecollekteerd worde." 4)

Op gesag hiervan het die kerkraad as boukommissie benoem die broeders H. Venter, C.A. van Rooy, A.J. van der Walt en C.C. Hennings. 5) Hiermee is die kommissie wat verantwoordelik was vir die optrek van die bouplan net met twee lede versterk. Ook is tien kollektante benoem wat in die gemeente vir die koste van die gebou moes kollekteer.

/Toe.....54

-
- 1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 1/7/04, art. 21.
 - 2) Ibid, 3/9/04, art. 5.
 - 3) Ibid, art. 17.
 - 4) Ibid.
 - 5) Ibid, art. 18.

Toe hierdie kollektante twee maande later verslag doen, het hulle £118 18s. 6d. in kontant en 72 skape en bokke gehad. 1)

Teen April 1905 was die skoolgebou voltooi, want op die kerkraadsvergadering van 21 April 1905 is die finale verslag van die boukommissie behandel. 2) Die skoolgebou met die buitegebou het meer gekos as waarvoor aanvanklik beplan was, nl. £881 11s. 8d., terwyl die kerkraad 'n bedrag van £936 14s 9d. gehad het om daarvoor te betaal. Laasgenoemde bedrag is saamgestel uit £400 wat vir die doel geleen is, 'n skenking van £50 uit Nederland, plus die bedrag wat gekollekteer is. „Latende een batig saldo van £55 3s 1d." 3)

Dit blyk dat die kollektante maar stadig gevorder het met die insameling in die gemeente vir die behoeftes van die skool. Dit moet veral aan twee faktore gewyt word, nl. die na-oorlogse depressie en die feit dat daar in die gemeente ook diegene was wat koud teenoor die saak gestaan het. Toe ds. Snyman die verrigtinge by die opening van die skool waarneem, spreek hy die aanwesiges toe en „wees op die moeilikheden die het bestuur had ondervonden; op den tegenstand van sommigen en de geringe medewerking van anderen." 4) Ook nadat die skool reeds aan die gang was, kla ds. Snyman nog oor „die mense wat my met die school nie wil help en ook die oorzaak zal wees als dit uitloop." 5)

Die kerkraad het die verslag van die boukommissie met dank aangeneem en goedgekeur „en de commissie in dank ontslagen en worden de broeders in Nederland voor hun offervaardigheid bedankt." 6) Die skoolkommissie, wat intussen

/benoem.....55

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/11/04, art. 16.

2) Ibid, 21/4/05, art. 6.

3) Ibid.

4) Uit 'n berig oor die opening van die skool in Het Kerkblad van 1/8/05.

5) P.C. Snyman in 'n persoonlike skrywe aan ds. W. Postma, gedateer 13 Aug. 1908.

6) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 21/4/05, art. 10.

benoem is, het aan een van sy lede, C. Hennings, wat binnekort op reis na Europa sou vertrek, opdrag gegee om persoonlik dank aan die Nederlandse skenkers oor te dra. ¹⁾

Van die bedrag van £55 3s. 1d. wat oor was, sou £25 aan die skoolkommissie geleen word en die balans, saam met die bedrae wat nog sou inkom, sou gebruik word om die lening te delg. ²⁾ Dis dan ook met hierdie £25 as neseier dat die skoolkommissie sy taak begin het. Die eerste debietinskrywing in die kasboek van die kommissie, op 7 Junie 1905 lees dan ook:

„Juni 7 Kerkraad bedrag voorgeschoten £25." ³⁾

Voordat die skoolgebou finaal aan die skoolkomitee oorgedra is, toon die broeders van die kerkraad die nodige bedagsaamheid deur dit vir £800 te laat verseker. ⁴⁾

Hiermee is die einde van die voorbereidende arbeid bereik. Die onvermydelike moeilikhede wat met die daarstelling van die skoolgebou gepaard moes gaan, is oorwin en die C.N.O.-skool op Steynsburg kon geopen word.

(c) Die beheer van die skool oorgedra aan 'n skoolkommissie.

(i) Die boukommissie tree op as skoolkommissie:

Nadat besluit is dat begin sou word met die oprigting van die skoolgebou, het die kerkraad besef dat daar ook administratiewe sake is wat in verband met die opening van die skool gereël en behartig moes word. Aangesien daar nog nie helderheid oor die samestelling van 'n beherende liggaam bestaan het nie, word op 'n gemeentevergadering besluit dat die boukommissie se pligte en magte sodanig uitgebrei sou word, dat dit ook sou dien „als adviseerende

/kommissie...56

-
- 1) Notule van die skoolkommissie C.N.O.-skool op Steynsburg, 25/4/05.
2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 21/4/05, art. 8.
3) Eerste inskrywing in die Kasboek van die skoolkommissie gemaak op 7/6/05.
4) Kerkraadsnotule van die Geref. Kerk Steynsburg, 21/4/05, art. 10.

kommissie met betrekking tot de aanstelling van onderwysers, opening der school en wat verder betrekking heeft tot die organisasie van het onderwys, en sal by die e.v. vergadering verslag doen." 1)

Dit het egter baie gou vir die kerkraad duidelik geword dat dit noodsaaklik is dat die beheer van die skool aan 'n bepaalde liggaam opgedra moes word. Omdat daar nog nie ouers was nie, kon 'n skoolkommissie as sodanig nog nie verkies word nie; met die gevolg dat die kerkraad op sy eerste vergadering in 1905 sy vorige besluit herbekragtigt het, nl. dat die bestaande „adviseerende kommissie zal als School Kommissie optreden totdat uitgemaakt is door wie die School Kommissie te kies is." 2) Hiervan kan seker met reg afgelei word dat daar enigszins onsekerheid was oor hoe die skoolkommissie saamgestel en verkies moes word.

(ii) Die werk van die „adviseerende kommissie:"

Die kommissie hou sy eerste vergadering op 20 Jan. 1905 in die pastorie van ds. Snyman. Ds. Snyman word as voorsitter en die heer A.C.A. van Rooy tot sekretaris gekies. 3) Na 'n lang bespreking word die volgende belangrike besluit geneem: 4)

a. „Deze school zij voorlopig bedoeld voor lager onderwys in Christelike Nationale geest." Daar is dus in hierdie stadium nog nie sprake van iets meer as primêre onderwys nie. Die behoefte aan geleentheid vir sekondêre onderwys aan dieselfde inrigting is eers later gevoel.

b. „Aan te vangen 17 Julie 1905 met een manspersoon als hoofonderwyzer tegen £200 salaris per jaar en vrye

/woning....57

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/11/04, art. 17.

2) Ibid, 13/1/05, art. 22.

3) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 20/1/05. Die heer A.C.A. van Rooy, latere L.U.K., het 'n belangrike rol gespeel in die latere onderwysaanleenthede op Steynsburg.

4) Ibid.

woning en eene goede assistente teen £108 per jaar."

c. „Applicaties spoedig te worden gevraagd in Het Kerkblad, Ons Land en Volkstem die in moeten zijn teen helft Maart, e.k."

Voorts maak die kommissie 'n beraming van die skool se uitgawes van die eerste jaar wat op ongeveer £400 gestel word. Om dit te dek, beplan hulle dat £325 uit aandele en van waarborgtekenaars verkry kon word, die losieshuisfonds kon £50 rente oplewer, en oor hoe die balans gevind kon word, sou die kommissie later besluit.¹⁾

Hiermee eindig die kortstondige bestaan van die voorlopige adviserende skoolkommissie, want hierna is die beheer van die skool oorgeneem deur 'n behoorlik saamgestelde skoolkommissie.

(iii) Die verkose skoolkommissie:

a. Samestelling: Op sy vergadering van 4 Maart 1905 bespreek die kerkraad weer die samestelling van die skoolkommissie, en dit word besluit om die volgende by die gemeente aan te beveel:²⁾

„De kommissie besta uit 7 leden en worde saamgesteld als volgt:

„De voorsitter van den kerkraad zij ex officio lid van de kommissie.

„De kerkraad benoeme 2 leden, de gemeente benoeme 2, en de aandeelhouders en waarborgtekenaars benoemen 2."

Die samestelling van die skoolkommissie is van wesenlike belang omdat dit baie duidelik die aard van die skool weer speel. Hiervan kan afgelei word dat dit 'n kerkskool was, aangesien die skoolkommissie benoem is deur die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Kerk Steynsburg. Die skool verskil dus hierin van 'n ouerskool waar die beherende liggaam deur die ouers van skoolgaande kinders verkies word.

/Die58

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 20/1/05.

2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 4/3/05, art. 10.

Die aanbeveling van die kerkraad is dieselfde aandeur die gemeente aanvaar met die byvoeging „dat de alzoosaamgestelde commissie voor één jaar gekosen worde." 1)

Kragtens hierdie besluit kies die gemeente as sy eerste verteenwoordigers op die skoolkommissie die broeders C.C. Hennings en J.P. Kruger, terwyl die kerkraad as sy verteenwoordigers benoem ouderlinge J.C. Henning en H.C. van Rooy. Die verteenwoordigers van die aandeelhouders en waarborgtekenaars sou wees Hermanus Venter en A.C.A. van Rooy. 2)

Ook die beheer van die skoolgebou word deur die kerkraad aan die skoolkommissie opgedra „met het recht se uit te verhuren voor geschikte vergaderingen." 3)

b. Eerste vergadering: Die nuwe skoolkommissie vergader vir die eerste keer op 18 Maart 1905 in die pastorie van ds. Snyman. Ds. Snyman sou ex officio as voorsitter optree, terwyl die here A.C.A. van Rooy en J.P. Kruger tot sekretaris en tesourier onderskeidelik verkies word. 4) Voordat die skoolkommissie met sy werksaamhede begin, word besluit „te berusten by de besluiten van het afgetreden voorlopig bestuur." Ook vir die eerste keer lees ons nou dat die skool 'n offisiële naam kry, nl. „Christelijk Nationale School." 5) Vervolgens behandel ons die werksaamhede van die kommissie gedurende die volgende paar maande, tot by die opening van die skool.

c. Aanstelling van leerkrachte: Met die oog op die besondere Christelike aard van die skool, moet ons verwag dat die skoolkommissie buitengewoon versigtig en kieskeurig sou wees by die aanstelling van leerkrachte.

/Dit.....59

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 4/3/05, art.19.

2) Ibid, art. 20.

3) Ibid, 21/4/05, art. 9.

4) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/3/05. Wyle J.P. (Oom Jacob) Kruger het eers die C.N.O.-skool en later die Normaal ononderbroke in hierdie hoedanigheid gedien tot aan sy dood in 1938.

5) Ibid.

Dit blyk ook uit die advertensie wat geplaas is en wat spesiale vereistes aan die skoolhoof en assistente gestel het. Dit lui so:

"Voor de Christelijke Nationale School te Steynsburg in de Kaap Kolonie benodigd:

Een onderwyzer. Salaris £200 p.a. en vrye woning.

Een assistent of assistente. Salaris £108 p.a.

Beiden van beslist Gereformeerde belydenis.

De ondergetekende verschaft informatie en ontvang applicatiën tot 15 Maart a.s.

De school vangt aan D.V. op 17 Juli a.s.

P.C. Snyman.

Steynsburg, 25 Januarie, 1905. V.D.M. 1)

Dis van groot belang dat „van beslist Gereformeerde belydenis” as 'n vereiste gestel is. Die kandidate wat benoem sou word, moes nie maar net Christelik wees, wat 'n ruim algemene begrip kan wees nie, maar hulle moes spesifiek Gereformeerde wees. Hulle moes as plaasvervangende ouers, beslis en met ware geloof ja kon antwoord op die vrae by die doop; hulle moes vertrouwd wees met die „waaragtige en volkome leer van die saligheid” en hulle moes besiel wees om die kinders wat aan hulle toevertrou sou word „in dié leer na hul vermoë te onderrig.” 2)

Nadat die aansoeke gelees en oorweeg is, „werden eenparig gekozen als hoofdonderwyzer den heer K. Bonsma van Pretoria en als assistente Juf. Francina Leon Cachet.” 3) Mej. Leon Cachet het haar die benoeming nie laat welgeval nie, met die gevolg dat die skoolkommissie by 'n volgende vergadering die betrekking teen dieselfde salaris aan mej. A. Coetzee van Venterstad aangebied het. Die skool is dan

/ook.....60

-
- 1) Advertensie soos geplaas in Het Kerkblad van 1/3/05.
 - 2) Vrae aan ouers by die bediening van die Heilige Doop aan kinders.
 - 3) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/3/05.

ook op 17 Julie 1905 geopen met mnr. Bonsma as hoof en mej. Coetzee as assistente.

d. Finansies: Een van die eerste take van die skoolkommissie was om skoolgelde vas te stel. Die tariewe is bereken vir vyf jaar wat daarop neergekom het dat dit £27 sou kos om 'n kind vir vyf agtereenvolgende jare op skool te hou.¹⁾ Hierteenoor word gestel die gunstiger moontlikheid, nl. dat 'n ouer kon ingaan vir die £5 aandeel per jaar, wat dan sou beteken dat hy in 5 jaar £25 per kind sou stort. Hierdie skaal van skoolgelde het egter nooit in werking getree nie, omdat dit spoedig geblyk het ondoeltreffend en onprakties te wees. Aangesien die kinders in die skool in standerds en nie volgens jare van skoolbywoning geklassifiseer word nie, is daar, kort na die opening van die skool, op 'n spesiale vergadering 'n gewysigde skaal voorgestel en aangeneem.²⁾ Volgens die nuwe skaal sou skoolgelde volgens standerds betaal word. Eintlik was dit voordeliger vir die ouers, want dit sou nou £23 14s kos om 'n kind vir vyf jaar op skool te hou. Die nuwe reëling was ook noodsaaklik, omdat die C.N.O.-skool nie met beginners begin het nie, dog die meerderheid was kinders wat van ander skole af gekom het. Treffend lê die vasstelling van skoolgelde die C.N.O.-gedagte vas, nl. om te betaal vir die onderwys van jou kind. Dit beklemtoon weer die plig van die ouer om, indien hy dit self nie kan doen nie, sy kind te laat onderrig, soos hy by die doop belowe het.

Aangesien die skool in Julie sou begin en daar finansiële verpligtinge sou wees wat gou nagekom sou moes word, is besluit dat aandeelhouders vir die eerste kwartaal voor die einde van Julie moes betaal.³⁾

/Hierdie..61

1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/3/05.

2) Ibid, 24/7/05.

3) Ibid, 13/3/05.

Hierdie onderneming word begin gedurende die ergste na-oorlogse depressiejare in ons geskiedenis. Die skool moes nog 'n aanvang neem, toe verwag die skoolkommissie al dat daar aansoeke om vrystelling van skoolgelde sou wees. Die ouers was wel bereid om te offer vir 'n ideaal, maar hulle het dit nie volop gehad nie. So vind ons dat onder die opskrif „Gratis Onderwys,“ die volgende besluit taamlik onverwags in die notule van die skoolkommissie aangeteken staan: „Besloten eenig aansoek om gratis onderwys aan dese skool te verwysen naar den plaatselijke kerkraad der Gereformeerde Gemeente. Evenzoo eenig aansoek om onderwys tegen vermingerde prys.“ 1)

Ook is voorsiening gemaak ingeval ouers wat dit wel kon doen, tog in gebreke bly om skoolgelde te betaal. Dit was noodsaaklik, want die skoolkommissie kon nie bekostig om geld deur die agtelosigheid van ouers skade te ly nie. Daarom die drastiese besluit: „Besloten dat in gevallen waar de schoolgelden niet betaald zijn binnen de eerste maand van ieder schoolkwartaal, de commissie de zoo betrokken kinderen van de school zal kunnen weren terwyl tog zoodanige schoolgelden invorderbaar blyven.“ 2)

Voordat die skool 'n aanvang geneem het, kon die tesourier meedeel dat 53 aandele teen £5 per jaar vir 5 jaar uitgeneem is. Dit het £265 per jaar vir die lopende uitgawes van die skool gewaarborg. Ook die £1,000 bedoel vir die losieshuis is vanaf 1 Julie 1905 aan die here J.C. van Rooy en Kie. geleen teen 5% rente wat nog £50 per jaar ter beskikking van die skoolkommissie gestel het. 3)

e. Die interne organisasie van die skool: Ook aan die interne organisasie van die skool, en die voorsiening van noodsaaklike benodigdhede, het die skoolkommissie

/nougesette....62

-
- 1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 3/6/05.
 - 2) Ibid.
 - 3) Ibid, 13/7/05.

nougesette aandag gegee. Die voorsitter rapporteer aan sy kommissie dat die kerkraad die beheer oor die skoolgebou aan hulle oorgedra het met die magtiging om dit vir gepaste en veilige gebruik te verhuur, „sonder inbreuk te maken op schoolbelangen." 1) Van hierdie mag maak die skoolkommissie gebruik om die gebou ten dienste van die plaaslike debatsvereniging te stel teen £4 per jaar. Dit sluit ook die gebruik van die lampe in met die voorbehoud „hun eigen olie hebben te gebruiken." 2)

Op die vergadering van 13 Julie 1905 is die benoemde skoolhoof, mnr. K. Bonsma, self teenwoordig. Die skoolboeke sou in oorleg met die onderwysers deur die firmas Hennings & Hovy en J.C. van Rooy & Kie bestel word. 3) Voorsiening is gemaak vir skoolbanke vir ongeveer 60 leerlinge, „alsmede 2 blackboards." 4) Lid C. Hennings het blykbaar opdrag gehad om in Europa aankope vir die skool te doen, want i.v.m. landkaarte is besluit om eers te wag om te sien wat hy daar sou uitvoer. 5)

Ten slotte tref die skoolkommissie die reëlings i.v.m. die opening van die skool wat formeel sou plaasvind op Maandag, 17 Julie, om 10 vm., „wanneer ds. L.P. Vorster Burgersdorp (die spesiaal ook voor deze gelegenheid was overgekomen) de voorsitter, de onderwyser en mnr. C. van Rooy de vergadering zullen toespreken. Mogelijk zou ook ds. M. Postma van Pretoria (thans op bezoek te Middelburg, K.K.) voor die gelegenheid Maandagmorgen overkomen en deel nemen aan de opening der school." 6) Ook is besluit om die heer A.S. du Plessis, L.W.V. „als er nog tydig bericht aan hem kon gaan," uit te nooi om die opening by te woon. 7)

/Hiermee....63 3

1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool Steynsburg, 25/4/05.

2) Ibid, 3/6/05.

3) Ibid, 13/7/05.

4) Ibid, 3/6/05.

5) Ibid, 13/7/05.

6) Ibid.

7) Ibid.

Hiermee kom ons aan die einde van die voorbereidingswerk. Die stigters kon aan vriend en vyand die bewys lewer dat dit nie maar net by woorde gebly het nie. Wat die klompie mense onder aanvoering van die jong ds. Snyman tot stand gebring het, kan ons maar net begryp as ons besef dat daar 'n ideaal was wat hulle besiel het, dat die be-sieling geïnspireer het tot ywerige en onvermoeide arbeid. En die resultaat? Die ideaal het 'n werklikheid geword..
.....'n eie skool !

(d) Die opening van die skool. ¹⁾

Soos bepaal kon die skool op Maandagoggend, 17 Julie 1905, geopen word en kon ds. Snyman sy vurige wens vervul sien. Daar was groot belangstelling, so groot „dat de meeste menschen met een staanplek moesten te vreden zijn” Behalwe die voorsitter, ds. P.C. Snyman, is ook teenwoordig ds. L.P. Vorster van Burgersdorp wat die opening moes waarnem en ds. M. Postma ²⁾ van Pretoria wat toe juis op besoek op Middelburg, K.P. was en spesiaal vir die opening van die skool oorgekom het na Steynsburg.

Ds. Snyman open die verrigtinge deur te **laat** sing Ps. 68 : 10 en hy lees Nehemia 2. In 'n openingswoord wys spreker op die moeilikhede wat die bestuur ondervind het, op die teenstand van sommige en die geringe medewerking van andere. Na alles, en noudat die saak sover gevorder het, lyk dit vir hom soos 'n droom. Hy wek die aanwesiges op om „als Nehemia zich op te maken en te bouwen en God, den Heere te bidden om hulp en steun.” Daarna kom ds. L.P. Vorster aan die woord. Hy herinner aan die laaste sinode van die Gereformeerde Kerk toe een predikant beweer het dat

/hy.....64

-
- 1) Vir die informasie oor die opening van die skool maak ek vryelik gebruik van 'n berig daaroor in Het Kerkblad van 1 Augustus 1905.
 - 2) Ds. M. Postma, destyds predikant van Pretoria, het 'n groot rol gespeel in die C.N.O.-stryd in Transvaal na 1902. Hy was lid van die „Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelik Nationale Onderwys

hy meen hulle staan aan die wieg van Christelik-Nasionale onderwys, terwyl 'n ander van mening was dat hulle by die graf daarvan staan. Spreker wou nie beslis wie gelyk het nie, maar hy was daarvan oortuig dat ds. Snyman en die hoofonderwyser „beide vol geloof waren in die toekomst van dat onderwys.” Ds. Vorster het ook paslik hulde gebring aan dié persone wat gedurende die vorige eeu gestry het in belang van Christelike onderwys. In sonderheid noem hy ou Meester van Rooy. Op die grondslae wat deur die eerste stigters gelê is, word tans met die oprigting van die C.N.O.-skool op Steynsburg, voort gebou.

Ds. M. Postma spreek die aanwesiges ook toe. As lid van die hoofkommissie van die C.N.O. te Pretoria, wil hy „de broederhand reiken aan het bestuur van deze nieuwe school.” Hy hoop „dat er spoedig een flinke organisatie voor Vry Christelik Nationale Onderwys niet alleen in Transvaal, maar voor heel Zuid Afrika mocht komen.”

Ten slotte het die skoolhoof, die heer K. Bonsma, in 'n kort toespraak verduidelik wat s.i. die karakter van C.N.O. moes wees. Hy bedank die ouers, die kinders en die bestuur vir die vertroue in hom gestel en hy wesk die onderwysers en kinders op om in liefde saam te werk. En dan sluit die beriggie met die versugting: „God zegene die C.N.O. School te Steynsburg.”

Dit was die beskeie begin van die C.N.O.-skool op Steynsburg, met twee leerkragte en 'n sestigtal leerlinge, vyftien waarvan kleinkinders was van ou Meester van Rooy. Die jare wat kom, sal getuig dat Gods seën op hierdie inrigting gerus het, hoewel 17 Julie 1905 nie die end daarvan was nie, maar wel die begin van die stryd.

(e) Ds. Snyman het nie 'n kerkskool beoog nie.

Die voorbereidingswerk en oprigting van die C.N.O.-skooltjie op Steynsburg in 1905 wesk onteenseglik die indruk dat dit 'n suiwer kerkskool van die Gereformeerde Kerk was.

Dit was dit dan ook ! Tog is dit noodsaaklik dat ons die aandag daarop sal vestig dat dit aanvanklik nie die doel was om 'n kerkskool te stig nie, maar dat dit noodwendig een geword het.

Daar bestaan 'n wesenlike verskil tussen die C.N. O.-aksie op Steynsburg gedurende die laaste kwart van die 19de eeu en die van na 1902. Gedurende die eersgenoemde tydperk was dit die doel om Christelike onderwys in suiwer kerklike skole te kry.¹⁾ In die reglement van die skool wat in 1875 deur die Gereformeerde Gemeente van Steynsburg gestig is, asook in die notule van die kerkraad waar oor die aangeleentheid gehandel word, word deurgaans van 'n kerkskool gepraat.²⁾ Die feit dat die kerkskool van 1875 uitsluitlik vir kinders van lidmate van die Gereformeerde Kerk bedoel was, hoewel die kinders van die Nederduits Gereformeerde ouers nie uitgesluit was nie, blyk duidelik uit art. 21 van die reglement wat as volg lui: „De kinderen van ouders niet behoorende tot de Geref. Kerk zullen op deze school toegelaten worden onder voorwaarde dat zij zich onderworpen aan de schoolregulatiën.”³⁾

Die Gereformeerde Kerkraad van Steynsburg en ds. Snyman, van wie al die inisiatief uitgegaan het, het in 1904 geen kerkskool beoog nie. Waar die eerste aksie 'n suiwer kerklike was, is die kerklike standpunt in 1904 laat vaar. Die stigters beoog nou 'n skool wat ook kinders van lidmate van ander kerke sou herberg. Trouens, ds. Snyman se benadering van die skoolkwessie bevestig hierdie idee van 'n skool ook vir kinders van ander kerke wat daarin tuis sou voel. So stel hy sy standpunt in persoonlike briewe aan ds. W. Postma baie duidelik en beslis:

/„My.....66

-
- 1) J.C. van Rooy, Christelik Nasionaal Onderwys op Steynsburg, in Gedenkboek van die Geref. Gemeente Steynsburg, K.P., p. 123.
2) Ibid, pp. 110 - 114.
3) Ibid, p. 112.

„My standpunt is,” skryf Snyman, „De Vrye School voor heel de natie.” 1) Waar die geskiedenis van die skool in die C.N.O.- Jaarblad van Mei 1915 in herinnering geroep word, beklemtoon die skrywer ook hierdie waarheid dat, howel ds. Snyman deur sy kerkraad gewerk het, hy altyd ruim was in sy opvatting. „Het was hem dan ook nooit te doen om 'n kerk-school op te richten 'n Christelik nationale school, dat is het wat hy verlangde, om te trachten 't Hollandsche element alhier byeen te brengen in 'n school waar taal en godsdienst en omgeving zuiver waren.” 2)

As die kerkraad van Steynsburg in 1904 begin voorbereidings tref vir die oprigting van die skool, word die samewerking van die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde gemeente aldaar gesoek toe die kerkraad besluit „om den kerkraad der Ned. Geref. Gemeente alhier uit te noodigen tot een conferentie over een basis van medewerking in sake C.N.-onderwys tussen de beide kerken.” 3) Van hierdie uitnodiging tot samewerking het egter niks gekom nie, soos blyk uit die verdere verloop van sake. Op die volgende kerkraadsvergadering van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk, word 'n kommissie van hierdie kerkraad wat met die Ned. Geref. kerkraad moes onderhandel, gekontinueer omdat die kommissies van die twee kerke, weens die siekte van ds. Boshoff van die Ned. Geref. kerk, mekaar nog nie kon ontmoet nie. Die kommissies van die twee plaaslike gemeentes het wel mekaar ontmoet op die aand van 14 Oktober 1904 en die uitslag van die ontmoeting was 'n antwoord van die Ned. Geref. kerkraad aan die Gereformeerde kerkraad waarin eers genoemde te kenne gee „niet samen te zullen werken in het oprichten ener C.N.-school.” 4) Ds. Boshoff het ongeluk-

/kig geen...67

-
- 1) P.C. Snyman, in 'n persoonlike skrywe aan ds. W. Postma, gedateer 19/4/07.
 - 2) Die geskiedenis van die C.N.O.-beweging op Steynsburg, soos meegedeel in die C.N.O.-Jaarblad van Mei 1915.
 - 3) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 1/7/04, art. 5.
 - 4) Ibid, 26/11/04, art. 3.

kig geen vertrouwe in die uitvoerbaarheid van die saak gehad nie, daarom „gaf hy zodanige school slechts 'n jaartyd; dan sou het moeten bezwijken." 1)

Die stigting van die Vrye Christelike School op Steynsburg in 1905, sou dus, hoewel die vader van die beweging, ds. P.C. Snyman, dit anders sou wou gehad het, weer uitsluitlik 'n onderneming van die Gereformeerde kerkraad wees en noodgedwonge 'n kerklike kleur dra.

.....oooOooo.....

1) Die geskiedenis van die C.N.O.-beweging op Steynsburg, soos meegedeel in die C.N.O.-Jaarblad van Mei 1915.